



Lionel's News

January 2015

9th Edition

To all staff we look forward to a year where we can fulfill opportunities , share our successes and continue working hard to serve our clients to the best of our ability. Every year has many challenges , this one won t be different , but we can be confident as a team we will overcome them and achieve more than ever before.

Regards

Duncan Stephenson

Visit our website: WWW.LIONELSVET.CO.ZA

SA melkboere se koste vergelyk goed

Deur Carien Kruger

26 November 2014 <http://landbou.com/nuus/sa-melkboere-se-koste-vergelyk-goed/>

Suid-Afrikaanse melkboere se produksiekoste vergelyk goed met dié van boere in belangrike uitvoerlande soos Australië en Nieu-Seeland.

Suid-Afrikaanse boere se koste van \$35/100kg geproduseer, is soortgelyk aan Australië s'n en laer as Nieu-Seeland se \$37/100kg, sê dr. Koos Coetzee, hoofkonoom van die Melkprodusente-organisasie (MPO).



Die land met die laagste produksiekoste is Kameroen met \$5, terwyl Switserland met \$109 die hoogste koste het, gevolg deur Japan en Finland, luidens die Internasionale Plaasvergelykingsnetwerk (IFCN). In lande met lae koste, soos Kameroen, Uganda en Peru, is die kuddes volgens Coetzee baie klein en word melk nie aan die mark verskaf nie.

Coetzee sê die berekenings vir die IFCN se 2014-suiwelverslag is op 2013-inligting gegrond en produksiekoste word uitgedruk in Amerikaanse dollar per 100 kg energiegekontroleerde melk.

Hy sê die IFCN bereken beide totale regstreekse koste en geleentheidskoste. Eersgenoemde sluit die koste van alle aangekoopte en selfgeproduseerde items in, terwyl geleentheidskoste die eienaar se eie arbeid en die geleentheidskoste van die grond insluit, wat die prys is waarvoor dit verhuur sou kon word.

Coetzee sê vir Suid-Afrikaanse boere is produksiekoste belangrik, maar dit is belangriker om doeltreffend en winsgewend te produseer. "Vir verskillende boere beteken dit verskillende strategieë. Vir die intensiewe boer beteken dit gewoonlik maksimum produksie per koei vir die weidingsboere maksimum produksie per hektaar. Die doelwit is nie die laagste koste nie, maar die maksimum wins.

"Meer as 90% van ons mark is binnelands, waar die prys waarteen ons moet meeding die invoerprys plus koste is. Solank ons volhoubaar onder invoerpariteit kan produseer, is ons 'veilig'."

Coetzee sê Nieu-Seelandse melkboere se koste gaan na verwagting bly styg, onder meer omdat Fonterra, die Nieu-Seelandse suiwelkoöperasie, boere aanmoedig om minder seisoenaal te produseer en dit hulle dwing om meer grane te gebruik. Boere daar moet ook al meer omgewingsvereistes nakom. "Hulle moet al meer bestee aan die afloop van water en die uitloop van chemikalië."

Volgens die IFCN-verslag is die wêreldwye gemiddelde kuddegrootte 2,4 koeie. In Nieu-Seeland is die gemiddelde kuddegrootte 393, in Suid-Afrika 340, in Amerika 160 en in Argentinië 150.

Does Lactatropin (RBST), cause BCS loss on grazing?

A scientific paper published, answers this question.

RELEASE OF BOVINE SOMATOTROPIN AFFECTS BODY CONDITION IN GRAZING DAIRY COWS OF CHILE

Pedro Melendez¹, Fernando Bargo²

¹ Universidad Santo Tomas, ²Elanco Animal Health, Viña del Mar,

Chile

Introduction:

- Recombinant bovine somatotropin (rbST), a protein hormone that enhances milk production, is commercialized in Chile by Elanco Animal Health as a slow release subcutaneous injection for 14 days.
- The use of rbST from Elanco has been extensively documented in the scientific literature with an average response of 894 kg of milk per lactation (Bauman et al., 1999) and no negative effects on cows' fertility and health (Collier et al., 2001).
- In Chile, another commercial product with a faster release of rbST during the 14 days is also available.
- There are no studies that have evaluated the effect of release mode of rbST on body condition score (BCS) in grazing dairy cows. In seasonal calving systems of Southern Chile, an adequate BCS at dry-off prevents reductions in fertility and milk yield in the subsequent lactation.
- Since changes in BCS can be detected in long-term studies, our objective was to evaluate during 5 months the effect of two rbST products with different mode of release on BCS of grazing dairy cows calving in Spring.

Methodology:

- Fifty Holstein cows (parity 1.76 ± 0.43 ; days in milk 85 ± 11 ; milk yield 34.8 ± 6.5 kg/day; BCS 2.73 ± 0.16 ; mean \pm SD) from a dairy farm located in Río Negro (Region X, Chile) were randomly assigned to 2 treatments of 500 mg rbST:
 1. Slow-released rbST (SR-rbST, Elanco Animal Health)
 2. Fast-released rbST (FR-rbST, another product).
- Two experienced independent observers using the five-point BCS scale (1 = thin, 5




= fat) scored the cows 5 times at 85, 126, 154, 196 and 238 days in milk.

- Data were analyzed by ANOVA with a repeated measures mixed model using the PROC MIXED procedure of SAS (1999) where cows nested within treatment were considered as random effect.

Results:

- At 85 and 126 days in milk, BCS of both treatments were similar (2.73 and 2.82, respectively; $P > 0.05$).
- However, from 154 to 238 days in milk, BCS was higher ($P < 0.05$) for the SR-rbST (2.89 vs. 2.77, 2.92 vs. 2.73, and 2.92 vs. 2.71 at 154, 196, and 238 days in milk, respectively).
- At the end of the study, SR-rbST cows gained 0.21 BCS while FR-rbST cows did not recover BCS (-0.02).



Conclusions:

- This study showed that a **slow release rbST resulted in a better recovery of BCS.**
- A better BCS at dry-off may imply **an improved fertility and milk yield** in the subsequent lactation for grazing dairy cows.

Lewerslak in beeste en skape



Spilpunt - Dr Leon Venter

Die parasiete wat lewerslakinfeksie veroorsaak, naamlik *Fasciola hepatica* en *Fasciola gigantica* is eintlik glad nie slakke nie, maar eerder wurms wat aan die klas Trematoda behoort.

Lewensiklus

Die tussengasheer van die lewerslak is 'n hardedop-varswaterslakkie van die *Lymnaea*-spesie. Die finale gasheer is beeste en skape en verskeie ander wilde diere.

Dit is belangrik om te onthou dat met 'n daling in die gemiddelde daaglikse temperatuur, die lewerslak uit die varswaterslak vrygestel word om sodoende dan die bees of skaap te besmet, aangesien dit vir die lewerslak voordeliger is om in die finale gasheer te oorwinter as in die tussengasheer.



Ekonomiese belang

Lewerslak by beeste en skape kan 'n bose kringloop van gevolg en 'n geweldige ekonomiese impak op die boerdery hê. Dit sluit in:

- verlaagde produksie
- verlaagde vrugbaarheid
- lewerafkeurings by die abattoir
- groter vatbaarheid vir bakteriële infeksies
- koste van diere wat vrek
- koste van voorkomende en genesende behandeling.

Meganisme waarop lewerskade veroorsaak word

Die metaserkaria wat deur die bees of skaap ingeneem word, boor deur die dermwande en migreer dan na die lewer waar dit deur die lewerkapsel dring en bloedings kan veroorsaak. Wanneer die onvolwasse lewerslak eers in die lewer is, migreer hulle na die galbuis waar hulle volwassenheid bereik. Hierdie migrasieproses veroorsaak aansienlike skade aan die lewer. Bloeding en lewerskade lei tot bloedarmoede, ystertekort en verlaagde funksionaliteit van die lewer. Die ou geloof dat beeste immuniteit teen lewerslak-infeksie verkry, is verkeerd bewys, wat gereelde behandeling van vatbare diere noodsaak.

Risikofaktore op die plaas

‘n Tussengasheerslak en ‘n geskikte habitat is vir die slak nodig en daarom moet die volgende voorkom of reg bestuur word:


- vleie, dammetjies en drinkbakke – span vleie en dammetjies toe en verhoed dat water wat mors poele om drinkbakke vorm;
- stilstaande of stadigvloeiende water – maak seker afleivore en strome is nie toegegroeïe nie sodat reënwater kan afvloeïe en nie opdam en poele vorm nie;
- hou die temperatuur dop – temperatuur beïnvloed die ontwikkeling van die stadia van die lewerslak in die tussengasheer. Ontwikkeling kan nie in die varswaterslak plaasvind as die omgewingstemperatuur laer as 10 °C daal nie;
- reën spoel die eiers wat in bees- of skaapmis voorkom uit die mis en voer dit af na die vleie of damme waar die tussengasheer voorkom.

Diagnose

Kliniese tekens

Kliniese tekens kan nie ‘n diagnose van lewerslakinfeksie bevestig nie, maar kan ‘n aanduiding wees dat lewerslak dalk mag voorkom. Die tekens wissel van dodelike infeksies in skape tot asimptomatiese infeksies in beeste. Tekens sluit in:

- akute vrektes
- pynlike buik
- bloedarmoede
- swak groei en afname in produksie
- kwakkeel.



Kwakkeel

Laboratoriumdiagnose

Tipiese nadoodse bevindings wat die teenwoordigheid van lewerslak aandui, sluit in parasiete, bloeding, kanale wat deur die slak veroorsaak is en verdikkings in die lewer.

Eiers in die mis kan egter slegs met ‘n mikroskoop gesien word. Eiers word egter slegs deur volwasse lewerslakke gelê en ook slegs in beperkte getalle. Die afwesigheid van eiers in die mis kan egter nie ‘n diagnose van lewerslakinfeksie uitskakel nie.

Bloed of melkmonsters kan geneem word vir die bepaling van die antigeenvlak in ‘n laboratorium. Raadpleeg u veearts vir meer besonderhede.

Behandeling

1. Chemies: Verskeie groepe aktiewe word ingespan in die beheer van lewerslakinfeksie.
2. Ander strategieë: Benewens chemiese behandeling van vee, speel bestuur ook ‘n rol in die behande-

3. ling en voorkoming van lewer- slak. Dit sluit in:

- identifiseer geskikte slakhabitat en voorkom beweiding in daardie area deur dit af te kamp of te dreineer indien moontlik;
- was waterkrippe gereeld uit;
- herstel lekkende krippe en krane en
- behandel diere wat ingekoop word verkieslik met 'n produk wat triklabendasool bevat voordat hulle op die plaas aankom.
- Aanbevelings

Groep middels	Aktief	Stadium
Salisielaniliede	Closantel	Volwasse
	Rafoksanied	Volwasse
Bensimidiasool	Triklabendasool	Onvolwasse vanaf twee weke

ivomec[®]
Super Injection

For the treatment of roundworms, parafilaria, adult liver flukes, lice, mange mites, sand tampans, blue-ticks, screwworms, eyeworms and a residual activity against the reinfestation of roundworms in cattle. For the treatment of roundworms, nasalworms, adult liver flukes, Australian itch mites and scab mites in sheep.

The right choice for your cattle & sheep!

MERIAL Merial South Africa (PTY) Ltd.
Reg No. 1997/022402/07 PO Box 5924
Halfway House, 1685
Tel: (011) 315 8001 Fax: (011) 805 1469
Ivomec Super Injection Reg. No. G2629 Act 36/1947 (contains ivermectin 1% m/v & closantel 10% m/v)

Beheer bosluise en voorkom hartwater

Spilpunt - Dr. Jan du Preez http://www.agtag.co.za/view_shared_post/2819

Bosluiise veroorsaak na raming jaarliks meer as R400 miljoen se verliese onder vee in Suid-Afrika, met die verliese weens hartwater meer as R28 miljoen per jaar. Hartwater kan egter doeltreffend met bloedentstof beheer word.

Inleiding

Hartwater is 'n bosluisoorgedraagde siekte van beeste, skape en bokke asook sommige wildspesies soos springbokke. Dit is een van die belangrikste bosluisoorgedraagde siektes in Suid-Afrika.

Die siekte word veroorsaak deur 'n mikroörganisme, Ehrlichia (Cowdria) ruminantium, wat deur die bontbosluis Amblyomma hebraeum, oorgedra word. In die natuur word besmetting slegs deur die nimf- en volwasse stadium van die bosluis oorgedra.

Die siekte word algemeen gekenmerk deur hoë koors, senuweesimptome en die versameling van vloeistof om die hart en in die borsholte, longe en brein van die dier. Die meeste diere wat die siekte opdoen, vrek daarvan.

Hartwater kom net voor waar die bontbosluis voorkom, hoofsaaklik in die warm en klam Laeveld- of Bosveld-gebiede (sien kaart van verspreiding van hartwater).

Hartwatergebiede

Besmetting

Die siekte ontwikkel wanneer 'n besmette bontbosluis op 'n vatbare dier voed. Bosluis word op hul beurt deur die hartwaterorganismes besmet wanneer hulle op 'n besmette dier voed wat die organismes in sy bloed het. Volgesuigde bosluislarwes en -nimfe val van die gasheer af en vervel binne vier tot ses weke onderskeidelik tot nimfe en volwasse bosluis. Wanneer hulle weer voed, word die besmetting na nuwe gasheer oorgedra.

Besmette volwasse bosluiswyfies speel geen verdere rol nadat hulle hul volgesuig het, afgeval het en eiers gelê het nie, omdat hulle dan vrek. Die hartwater-organismes word nie deur die eiers na die volgende geslag bosluis oorgedra nie. Minder as 10% van die bontbosluis in hartwater-gebiede is gewoonlik besmet.

Buiten beeste en kleinvee kan wild, hase en sommige grondvoëls soos tarentale ook met hartwater besmet word. Hoewel hulle geen kliniese tekens van die siekte toon nie, kan hartwaterorganismes in hul bloed sirku-



leer en kan bosluise wat op hulle voed, besmet word. As gesonde draers van die siekte speel hierdie diere 'n belangrike rol in die handhawing van die besmetting in bosluise en gevolglik in die voorkoms van hartwater.

Aangesien hierdie diere nie soos beeste gedip kan word om van bosluise ontslae te raak nie, dien hulle dikwels as gashere waarop bosluise voed. Hartwater kan dus nie maklik uitgeroei word in gebiede waar wild voorkom nie.




'n Breinsmeer van 'n bees met hartwater-parasiete (die sandkorrelagtige dele) in 'n bloedvat van die brein soos onder die ligmikroskoop gesien (foto verskaf)

Voorkoms

Hartwater kom heeljaar voor, maar die voorkoms is gewoonlik minder straf in die wintermaande. Die verskuiwing van diere wat besmette bosluise dra na of deur gebiede wat vry van hartwater is, kan tot verliese onder vatbare vee lei indien hulle besmet raak deur bosluise wat van die diere afgeval het. Die bosluise oorleef egter selde langer as een seisoen in 'n gebied waar die klimaat nie vir hulle geskik is nie.

Beeste (veral inheemse rasse) ouer as een jaar en pas-gebore kalwers tot 'n ouderdom van vier tot ses weke het 'n nie-spesifieke weerstand teen hartwater. Die nie-spesifieke weerstand in pasgebore lamers en bokkies duur egter slegs tot op 'n ouderdom van ongeveer een week. Hierdie verskynsel in pasgebore diere word benut tydens inenting.



Herkouers kan 'n natuurlike hoë weerstand teen die siekte hê. Diere wat in 'n hartwatergebied gebore is, word gewoonlik reeds van kleins af aan bosluise blootgestel, wat hulle besmet wanneer hulle nog deur die ouderdom-gesosieerde natuurlike weerstand teen kliniese siektes beskerm word. So verkry die meeste jong diere 'n immuniteit wat daarna gereeld versterk word met herhaalde herbesmetting deur bosluise.

Verliese weens hartwater kom meestal voor wanneer ouer diere (beeste, skape, bokke) wat nie voorheen blootgestel

was nie, na 'n hartwatergebied verskuif word, of wanneer diere in 'n endemiese hartwatergebied hul immuniteit verloor, omdat hulle nie aan herbesmetting blootgestel word nie.


Die long van 'n skaap wat aan hartwater dood is. Baie vogversameling (longedeem) het plaasgevind (foto verskaf).

Siektetekens en diagnose

Die inkubasieperiode ná natuurlike besmetting van beeste is gemiddeld 18 dae en by skape en bokke gemiddeld 14 dae. 'n Aangetaste dier het 'n koors van 40 - 42 °C, vertoon lusteloos, het skuim om die bek, wil nie vreet nie en beweeg stadiger as die res van die trop. Later kom al hoe meer bewegingsteurnisse voor. So 'n dier tel veral sy voorpote hoog op wanneer hy loop, sy asemhaling word toenemend moeiliker, hy staan kop-omlaag en maak aanhoudende koubewegings. Soms stoot hy met sy kop teen vaste voorwerpe. Uiteindelik gaan lê hy op sy sy met die kop na agter getrek en die pote uitgestrek en maak dikwels trapbewegings met sy pote.

'n Dier wat aan hartwater ly, is gevoelig vir lig en knip sy ooglede vinnig wanneer hy aan lig blootgestel word en rol ook sy oë.

'n Dier wat vermoedelik aan hartwater gevrek het, moet deur 'n veearts ondersoek word en hy moet die nodige monsters neem vir bevestiging van die siekte. 'n Voorlopige diagnose van hartwater word gewoonlik gedoen op grond van die siektetekens en nadoodse letsels, maar dit is dikwels moeilik om dit te onderskei van ander toestande met soortgelyke siekte-tekens. Wanneer daar oor die siekte getwyfel word, kan die diagnose slegs bevestig word wanneer 'n veearts 'n breinsmeer mikroskopies ondersoek.



'n Kalf wat hartwater het en erge senuweesimptome toon

Voorkoming en beheer

Hartwater kan beheer word deur die inenting van kalwers voor die ouderdom van vier weke en lamers en bokkies binne die eerste week na geboorte. Op dié ouderdom is behandeling ná inenting gewoonlik nie nodig nie.

Volgehoue intensiewe beheer van die bontbosluis in hartwater-endemiese gebiede word nie op die lang-termyn aanbeveel nie.

Oordeelkundige bosluisbeheer is die enigste prakties uitvoerbare en logiese benadering in hartwatergebiede waar genoegsame bontbosluisgetalle voorkom. Dit word gedoen deur hartwaterimmunitet in die diere te hand-haaf deur gereelde herbesmetting deur bosluise. Vee word op 'n natuurlike wyse deur bosluise besmet of kunsmatig met hartwaterbloed ingeënt sodat die diere hul immuniteit behou

deur gereelde herbesmetting, ten minste elke ses tot nege maande.

Dip diere slegs wanneer lastige of skadelike getalle bosluise op hulle voorkom en raadpleeg 'n veearts indien u meer inligting oor hartwater en bosluisbeheer benodig.

Met intensiewe skaapboerdery in hartwatergebiede kan totale bosluisbeheer slegs suksesvol plaasvind indien aangeplante weidings nie deur bosse begrens word nie, bosluise deur middel van 'n grasvrye strook langs die weidings verhoed word om daarheen te beweeg en deur te verhoed dat enige klein-wild, hase en tarentale toegang het tot die weidings.

Immunisering word gedoen deur diere met hartwaterentstof in te ent. Dit bestaan uit die bloed van skape wat besmet word met lewende hartwaterorganismes en is net beskikbaar in 'n diepbevore vorm. Inenting met hartwaterentstof sal natuurlike bosluisbesmetting van jong diere met hierdie organismes aanvul, maar sal ook immuniteit verseker by diere wat natuurlike besmetting vrygespring het. Aangesien die entstof lewende hartwaterorganismes bevat, kan ingeënte diere wisselende grade van hartwater ontwikkel wat soms behandeling mag vereis.

'n Skaap wat aan hartwater gevrek het. Skuim by die neus kom redelik algemeen voor (foto verskaf).

Behandeling

Siek diere moet so gou moontlik ná die eerste siekte-tekens behandeling ontvang. Enige formulasie van tetrasiklien-antibiotika word aanbeveel en moet binnespiers of verkieslik binne-aars, afhangend van die voorskrif op die voubiljet, toegedien word. Behandeling moet die volgende dag met 'n binnespiers toediening opgevolg word.

Stoetdiere moet liefds deur 'n veearts behandel word.

Die algemeenste rede waarom diere vrek, ten spyte van behandeling, is dat die tetrasiklien te laat en sonder enige lewensreddende terapie toegedien word. Teen die tyd dat kliniese tekens waarneembaar is, het die dier waarskynlik reeds vir sowat vier dae koors gehad, wat beteken dat dit waarskynlik reeds te laat is om hom te behandel.

'n Goeie kuddebestuurder wat diere gereeld deurkyk vir siektesimptome, is dus noodsaaklik. Indien twyfel bestaan of die dier siek is, moet die koors onmiddellik geneem en met dié van 'n paar gesonde diere vergelyk word ten einde die korrekte behandeling te gee. Indien die siek dier 'n koors het, moet behandeling onverwyld gegee word.



Enhancing Feed Intake During Lactation

Healthy Sow

Check for the:

Absence of disease - mastitis, lameness, gastric ulcer

Absence of parasites - Mange, Ascaris and other worms.

Absence of oedema of the udder (fluid)

Clean farrowing house - All-in/All-out and good breeding controls

Gestation Feed Intake

There is a negative relationship between feeding the dry sow and feed intake when lactating. The more sows eat per day in gestation the less they will consume per day in lactation.

Monitoring of Feed Intake

Use a feeding curve. However, ensure you know the actual volume/density of feed being fed. Weigh out a scoop on a regular basis. Minimise the number of stockpeople feeding lactating sows and ensure that they all use the same feeding scale. Record the feeding scale as this forces discipline.

Note volume and weight relationships vary depending on milling and type of feed.

Number of Times Feed

Twice is commonly practised. Three times will enhance intake but may also increase risk of trauma and trampling of the piglets. Note avoid mid-day feeding in the summer-time as feed increases the sow's body temperature. Wet feeding the lactating sow may produce good results. Ad lib feeding should be considered.

Type of Ration Fed

Single ration as compared with two rations. Ideal lactation ration of 18% protein and 14 MJ DE per kg. Lysine concentration of > 1% is required. Increasing the protein consumption increases weaning weights, increasing the energy reduces weaning to service intervals. Note with crystalline lysine, other amino-acids may become limiting, in particular valine and threonine. To enhance amino-acid intake, top-dress with fish meal at 150 g per day.

Palatability

Keep the food clean by having good storage controls and feed bin hygiene.

Note changes in diet specifications. Pigs have very sensitive noses. Ad-lib feeding is not yet available in the farrowing house. Note trough design. Avoid mycotoxins in feed.

Water Supply

A shortage of water will reduce feed intake. The lactating sow needs a flow rate of 2 litres per minute. At the peak of lactation she may drink more than 40 litres per day (10 gal lons). Enhancing water supplies in the farrowing house will significantly reduce sow deaths associated with cystitis and pyelonephritis. Wet feeding has greatly assisted several farms.

Design of the Feed Trough

Ensure the feed is accessible, Ensure no feed is wasted. Wasted feed results in flies and expense. Troughs with lips and difficult corners may result in mouldy feed which reduce palatability. Man

Temperature of Farrowing House

troughs are too small for the large volumes of food consumed in the latter stages of lactation.

Ideally run at 16-18°C. Increased farrowing house temperatures reduces feed intake. With farrowing house temperatures at around 24°C the sow requires drip cooling. Some farrowing houses run hotter than 18°C because of poor creep design. The use of heat creep mats may help feed intake as it can help to reduce the room temperature.

Stockmanship

Quiet and attentive stockpeople are needed. Good attention to sow behaviour. The playing of music helps create a calm atmosphere.

Floor Type

Cooling (heat conductive) floors can enhance feed intake in warm climate

Breed of Pig

Ensure you use genotypes which have good appetites and good mothering abilities. Beware of selecting from mothers with poor lactation feed intakes and poor weaning weights/numbers.



When to inseminate

	Coming into heat 8 hours (0-24 h)			Standing heat 16 hours (3-30 h)			Going off heat 8 hours (2-24 h)		
	0	6	12	18	24 Hours				
Artificial Insemination:	Too Early	Good	Best	Good	Too Late				
Natural Mating:	Too Early	Best			Too Late				



NEW Products @ Lionel's Veterinary Supplies



KLORMAN Compact Chlorine Dispensers

NOW AVAILABLE!

LVS98697 Klorman Compact Unit with handle

LVS98696 Klorman Compact Tabs 100g



Calf Feeding Bottle 2lt Now Available!

LVS 09058



**CID Lines Portable Cold Fogger 230V
Tank 4L NOW AVAILABLE!**

LVS 98682

Horn'up Dehorner

Will arrive soon!



KLORMAN™ MICRO

PATENTS PENDING

INTRODUCING
POCKET-SIZED
HYGIENE...

Playgrounds

Mold & Algae

Delivery vehicles

Following on 30 years' success of the Klorman™ In Line chlorinator, the new Micro™ dispenser is another breakthrough in point-of-use disinfection. Simple, durable, effective and safe, Micro™ dispensers deliver an active jet of chlorine oxidiser-based disinfectant effective against the broadest range of common microorganisms including bacteria, viruses and fungi.

Refuse Areas

Animal Pens

Food Contact

Unique Disposable Refills contain a blend of chlorine-based oxidiser for rapid disinfection and surfactant for enhanced dispersion:


- No mixing
- No touching
- Multiple sizes & formulations

Control Chemicals (Pty)Ltd

**NEW PRODUCT! AVAILABLE END
OF FEBRUARY**

FROM BASIC TO ULTIMATE PROTECTION MASTITIS MANAGEMENT

MILKING ROUTINE



During and after milking, the sphincter is open.
Do not let bacteria penetrate into the canal.

EQUIPMENT HYGIENE



The milking machine is shared by all the cows (even more for robot milking).
Prevent bacteria to spread during milking.

Avoid
contagious
mastitis

**MANAGE
MASTITIS!**

Ensure clean cows
and dry teats
before milking

Use the best tools
to achieve
maximum potential

ENVIRONMENTAL HYGIENE



Ensure a CLEAN, DRY and COMFORTABLE
barn for an optimum production.

INDIVIDUAL DATA ANALYSIS



What is the specific Mastitis pattern on your farm?
Do you have chronic cows acting like a reservoir tank?
Do you have high SCC at calving?



MILK QUALITY

Avoid
environmental
mastitis

CID LINES
Innovative hygiene solutions

www.cidlines.com
www.kenocow.com



DenVet
Solving your animal health care problems

PO Box 673, Hilton, 3245
Ph: 033 345 1093 Fax: 08654 36533
Email: sales@denvet.co.za

For more information contact:
info@lionelsvet.co.za

Cape Town: +27 21 932 2019
Gauteng: +27 82 907 7486
Johannesburg: +27 11 624 0223

Mpumalanga: +27 82 907 7486
Port Elizabeth: +27 41 451 1900
Denvet Pietermaritzburg: +27 33 345 1093
JL Faure: Free State: +27 82 896 1827

Visit our website: www.lionelsvet.co.za

THE NEW US

Wefco Active Management buy-out - Introducing SYNVITA

Due to our customers and suppliers continued support, the Wefco Active International business has continued to grow since its launch in 2008.

During this time we have excelled in the development of locally produced, innovative products, equipment and training into the pest control market place.

Due to this success we are very excited to announce that the company has been acquired and will rebrand under the name of Synvita.

The name Synvita has been derived from the word **synergy** and the Latin word **vita** (life)

“synergy of life”

This acquisition will allow Synvita to develop and offer further niche products to the market and will assist our development, local growth and expansion into Africa and other neighbouring territories.

The existing products will continue to be marketed under their current brand names, until such time as the new Synvita product brand names have been approved by the Department of Agriculture under Act 36 of 1947.



We will also be launching several new, exciting products into the market that will give the professional companies and comprehensive product range to look forward to.

While we will make every effort towards a smooth roll out, we do ask that you bear with us during this exciting time. Again, we **thank-you** for your continued support, as without you this would not have been possible and look forward to growing stronger relationships with you all in the future.

Yours sincerely

The Synvita Team

We invite you to view our website www.synvita.co.za

Like on facebook  and follow us on twitter 

Synvita's Product Range's New Names 2015

Rodenticides

Pulse Wax Blocks	(Active Wax Blocks)
Pulse Pellets	(Active Pellets)
Pulse Liquid Bait	(Active Liquid Concentrate)

Crawling Insect / Surface Sprays

Guardian Insect Spray	
Permadust	(Active Insecticide Dusting Powder)
Longlast	(Active Crawling Insect Killer Aerosol)
Delta 7 WP	

Flying Insects / Space Spray

Ecomatic	(Wefcomatic Metered Aerosol)
Synmatic	(Wefcomatic Pro Metered Aerosol)
Superfast	(Active Dual Insect Killer Aerosol)
Nimbus	(Active Ulv Space Spray)
Snap	(Active Fly Bait)

COCA COLA wens
Jan Joubert geluk met
sy troue!



Die troudag vind plaas op
die 24 ste Januarie 2015
Baie Geluk Jan & Celia



Congratulations Michael

CERTIFICATE OF ACHIEVEMENT

This is to certify that

Michael Arendse

successfully completed a 3-day course

In the Examination of

ISO 9001:2008

QUALITY MANAGEMENT SYSTEM



Changing from the inside out

ETQA617/P/000166-06

PRESENTED BY : *Gloria A. Fredericks*
SIGNATURE : 
ON THIS DAY : 18 December 2014



WELKOM

Hendrik en Alice baie welkom by die Lionel's Vet Span



Aankoper by Lionel's Vet Port Elizabeth
Alice Swanepoel
alice@lionelsvet.co.za



Bestuurder by Lionel's Vet
Port Elizabeth
Hendrik Swanepoel hendrik@lionelsvet.
co.za

Great Fun @ Lionel's Vet Year End Functions



Ontmoet die Lionels span



vlnr: Carli Nel, Brenda Price (Elanco), Anita Loxton, Bianca Goosen, Cherese du Plessis, Janique Ott, Petrie Goosen, Jannic Zietsman, GJ du Preez, Aron Brengelmannn (Urban), Johan Havenga, Charlie Wiehahn, Werner van Rooyen, Martin Krogman, Neville Brown, Riaan Momberg, Johan Botes, Jan Joubert, Warnich Biersteker, Juan Welman, Duncan Stephenson, Andreas du Toit, Paul de Klerk, Michael Lourens, Derick Coetzee, Sarah March, CJ Dabner, Brady Dabner, Steve Elliott, Gideon Botha



Den Vet
*Solving your animal health
care problems*

**Address: 68 Industria Ring Road, Parow
Industrial, Parow, 7500
Telephone: +27 21 932 2019 Fax: +27 86 554 6303
E-mail: info@lionelvet.co.za**

**Ph: 033 345 1093 Fax: 08654 36533
Email: sales@denvet.co.za**